# VOORGESKREWE GEDIGTE - AFRIKAANS
# GRAAD 5

**Die Spook**

Een aand net na ete
begin oom Fanie met sy streke.
Al het Mammie dit verbied,
weet hy
da tons spookstories die meeste geniet.
"Daar onder by die watersloot
is ou Moos mos een nag dood.
Hy was ryk en vet en groot:
Die mense sê: 'Hy's in die water gestoot!'
Daarom spook dir daar...
Moos soek ns sy moordenaar!"
Later loop ek allenig deur die gang.
Skielik vat iets my aan die wang.
'n Rilling trek deur my lyf
en my ledemate skrik stok-, stokstyf.
Nou krul dit stadig om my keel
en begin oor my wang te streel en streel...
Ek klap en skree en gryp en gil...
Toe bly ek ewe skielik stil...
Verslae staan ek met 'n haarsliert in my hand.
Dit was die spokerige kalant!
**deur Bernie Visser**

**Op vlerke**

Van Oktober tot Maart
Duik ons met 'n vaart
Deur Afrika se lug
en slaan ons bollemakiesie
in ons vlug.

Soms sit ons soet in 'n ry,
soms gaan soek ons klei
om ons nessies te plak
- nie op 'n tak
sommer onder die mense se dak!

Maar aan net een land
kan ons nie ons hart verpand.
As die koue ons laat ril,
wéét ons wat ons wil:
Ons swiep oor die see,
ons ry op die wind
tot ons die somer
en die son weer vind

**Anoniem**